A.8 TAAKSPAN VIR TAAKSPANNE

A.8 TAAKSPAN VIR TAAKSPANNE

1. OPDRAG

REGLEMENT 3

TYDELIKE TAAKSPANNE, PROJEK- EN ALGEMENE TAAKSPANNE

7.6 Na afloop van die vergadering word opdragte uitgevoer en werksaamhede voortgesit deur projekspanne onder die strategiese leiding van die Moderamen, met ondersteuning van die Bedryfspan, steundienste (administrasie, fondse en bates, regte, menslike hulpbronne en kommunikasie), algemene taakspanne en die Kantoor van die Algemene Sinode. Projekspanne hanteer werksaamhede met 'n korter of *ad hoc* leeftyd, terwyl algemene steunpanne werksaamhede van 'n meer durende of onbepaalde aard verrig.

7.7 Projek- en algemene taakspanne word tydens die Algemene Sinode deur die vergadering óf na afloop van die vergadering deur die Moderamen saamgestel. 'n Sameroeper word vir elke projek- en algemene taakspan aangewys, wat die aangewese lede vir die eerste vergadering byeenroep en die konstituering behartig.

7.8 Vakatures in projek- en algemene taakspanne wat tussen gewone vergaderinge van die Algemene Sinode ontstaan, word aangevul deur die Moderamen op aanbeveling van die betrokke projek- of algemene taakspan.

Kerkorde, 2015, p 30-31

2. AANBEVELING: TAAKSPAN VIR TAAKSPANNE

Die Algemene Sinode

1.1 beveel aan dat die Taakspan vir Taakspanne bestaan uit die Algemene Sekretaris, die Aktuarius en die Bestuurder van die Algemene Sinode

1.2 keur die verslag (bylaag) goed en neem dit in ag met die samestelling van taakspanne.

2.3 gee opdrag aan die Taakspan vir Taakspanne om die nuwe taakspanne saam te stel en vir goedkeuring aan die eerste Algemene Sinodale Moderamen vergadering voor te lê.